higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N950**(E)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N5

(4110455)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of ‘Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Werknemers en werkgewers het dieselfde doelwitte en oogmerke.

1.2 Suid-Afrika het voorheen slegs in 'n vryemarkstelsel geglo.

1.3 Die rol van partye word bepaal deur die politieke en ekonomiese ideologie van 'n land.

1.4 Politieke en ekonomiese faktore word interne faktore genoem.

1.5 ’n Werknemer moet onder die toesig en beheer van 'n werkgewer wees om as 'n werknemer beskou te word.

1.6 Statutêr is iets wat deur die staat vereis word deur middel van reëls en regulasies.

1.7 Wetgewing is die swakste vorm van die reg.

1.8 Arbeidsverhoudinge word deur verskillende regsbronne reguleer.

1.9 In 'n sosialistiese stelsel verskaf die privaatsektor werk.

1.10 Tydens 'n ekonomiese resessie sal organisasies indiensneming verhoog.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Kollektiewe bedinging	A	stel werknemers in staat om deel van besluitneming te wees
2.2	Protesoptrede	B	situasie waar 'n pos nie meer benodig word nie
2.3	Sosialis	C	beteken onopgeloste konflik tussen 'n werkgewer en werknemer
2.4	Oortolligheid	D	metode wat 'n vakbond gebruik om die ekonomiese posisie van sy lede te verbeter
2.5	Dispuut	E	staan ook bekend as massa-aksie of wegblyaksie (66/1995)
2.6	Konsiliasie	F	wanneer nodig,moet die staat meer direk tussenbeide tree in arbeidsverhoudinge
2.7	Konflik	G	ekonomiese stelsel waarin die staat die hele ekonomie beplan
2.8	Werkplekforum	H	ontevredenheid deur werknemers
2.9	Griewe	I	proses om beter kommunikasie te fasiliteer
2.10	Regulator	J	dinamiese interaksie wat emosies reflekteer

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

INLIGTING EN INSTRUKSIES VIR VRAE 3 TOT 7

1. Beantwoord enige VIER vrae (VRAAG 3 tot 7).
2. Gebruik opskrifte en onderskei tussen afdelings.
3. Vermy dit om feite te herhaal.
4. Gebruik duidelike, volsinne om aan die eksaminator te wys dat jy die vraag en sy inhoud verstaan.

VRAAG 3

3.1	Verduidelik kortliks die funksies van vakbonde.	(5 × 2)	(10)
3.2	Maak 'n lys van VYF kwaliteite van 'n vakbondverteenwoordiger ('shop steward').	(5 × 2)	(10)
3.3	Bespreek die regte van bestuur soos bepaal deur regsbronne.	(10 × 2)	(20)
			[40]

VRAAG 4



NUMSA-lede by 'n protesoptog buite die Eskom-hoofkantoor om aan te dring op 'n noemenswaardige salarisverhoging.

[Bron: Lameez Omarjee, *Fin24*]

4.1	Definieer *protesoptrede*.	(6 × 2)	(12)

4.2 Noem VYF magte en funksies van bedingingsrade. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VIER beperkinge op die reg tot uitsluiting (‘lock-out’). (4)

4.4 Eskom word beskou as 'n essensiële diensverskaffer.

Maak 'n lys van VIER ander diensverskaffers wat nie toegelaat word om te staak nie. (4)

4.5 Verduidelik die prosedure wat NUMSA gevolg het om te verseker dat die staking 'n beskermde staking was kragtens die Wet op Arbeidsverhoudinge. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

Arbeidshof beveel die herinstelling van vier afgedankte SABC joernaliste
26 Julie 2016 12:48 nm.

Die Arbeidshof het bevind dat die SABC onwettig opgetree het deur vier senior joernaliste af te dank toe hulle hul kommer uitgespreek het oor die uitsaaier se redaksionele verbanning van gewelddadige proteste.

Die hof het beveel dat die SABC die vier joernaliste wat hulle werk wil terughê weer moet aanstel nadat die SABC ingestem het om hulle uitsaaiverbod op te hef.

Regter Andre van Niekerk se uitspraak was dat Krivani Pillay, Foeta Krige, Suna Venter en Jacques Steenkamp dadelik weer aangestel word.

Volgens EWN se Masego Rahlanga het Van Niekerk gesê dat daar geen basis vir sodanige ontslag was nie.

Hy sê die SABC het geen reg gehad om hulle van hul pligte te onthef op die manier wat hulle dit gedoen het nie.

Die regter het ook beveel dat die SABC beamptes wat betrokke was in die afdanking van die joernaliste dokumente by die hof moet indien om te verduidelik hoekom hulle nie aanspreeklik gehou moet word vir die saak se regskoste nie.

[Bron (aangepas): *http://www.702.co.za/articles*]

5.1 Noem SEWE hooffunksies van die KVBA (‘CCMA’). (7 × 2) (14)

5.2 Noem SES maniere waarop 'n kontrak beëindig kan word. (6)

5.3 Onderskei kortliks tussen 'n *vastetermynkontrak* en 'n *onbepaaldetermynkontrak*. (10 × 2) (20)

[40]

VRAAG 6

6.1 Definieer die term *dienskontrak*. (5)

6.2 Noem die essensiële elemente van 'n dienskontrak. (4)

6.3 Bespreek kortliks die werkgewer-wernemer-verhouding. (5 × 2) (10)

6.4 Noem die voordele van werknemerbetrokkenheid in 'n besigheid. (8 × 2) (16)

6.5 Definieer elk van die volgende terme:

6.5.1 Arbeid (2)

6.5.2 Bestuur (2)

6.5.3 Staat (1)

[40]

VRAAG 7

7.1 Skryf elk van die volgende afkortings volledig uit:

7.1.1 IAO (‘ILO’)

7.1.2 WAV (‘LRA’)

7.1.3 WBD (‘BCEA’)

(3 × 2) (6)

7.2 Bespreek die algemene voorsiening vir arbitrasieprosedures by die KVBA (‘CCMA’). (14)

(7 × 2)

7.3 Wat is die kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat Eskom verhinder om die eise van sy werknemers na te kom? (10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou